

**24 Augustus**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1-29**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 3:26-27**

**Met sekerheid 'n kind van God**

Deur die gawe van sy Seun, het God bewys dat Hy volke en gesinne, manne en vroue van elke sosiale stand liefhet. Daarvan getuig die evangelie met sekerheid.

Die gemeente van Galasië het aan hierdie sekerheid begin twyfel. Deur allerlei wetlike voorskrifte het mense probeer om vir hulleself sodanige sekerhede te skep. Hierdie eie pogings het die gemeente dodelik vergif. Met groot erns, maar ook met herderlike bewoënheid, vermaan Paulus hulle teen hierdie dwaling.

As 'n mens deur eie pogings God se liefde probeer wen, ignoreer jy juis dit waarvan God jou wil verseker. Die groot versekering wat God gee, is dat almal wat in Jesus Christus glo, deur Hom kinders van God is. Met die woord "kinders" word die teerheid van hierdie sekerheid aangetoon. Die Heilige Gees oortuig ons daarvan dat ons kinders van God is. Op grond van hierdie sekerheid kan ons God aanroep as "Vader".

Wie seker is dat hy 'n kind van God is, word getroos te midde van allerlei moeilike omstandighede. Al misluk hy, al is daar dinge waaroor hy baie bekommerd is, al ken hy nie antwoorde op talle vrae nie, weet hy dat hy 'n Vader het wat Hom oor sy kinders ontferm. Van hierdie goedheid van God kan elke gelowige seker wees, want God het selfs sy eie Seun vir ons oorgegee. Hierdie ontferming van God kan ons op geen manier probeer verdien nie. Dit is alles net genade.

Is jy bereid om vandag net uit genade te lewe? Dan moet jy nie vir jouself sekerheid probeer kry in jou werk, jou geld, jou jeug of wat ook al nie. Op dié manier ondermyn jy die sekerheid wat God aan jou gee. Dit is die oorsaak van spanning en bekommernis. Met die sekerheid wat God gee, kan jy ware blydskap ervaar.

*Sing: Skrifberyming 33:1 en Psalm 103:7*

*Prof FP Viljoen (Teologiese Skool Potchefstroom)*